

Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

Die kerk in die spieël van Jona

Dr AH Bogaards

2017

Preek 2

Lees: Jona 1:4-6; Romeine 3:9-31

Teks: Jona1:4-6 (Reeks Jona nr. 2)

Datum: 5 Maart 2017

Psalms: Ps.139:1,2; 32:1,2; 104:1,3; 107:11,12,13

1. Inleiding

Dit is een ding om te sê: Ek is 'n sondaar. Dit is 'n ander ding om dit van harte te bely.

Dit is een ding om te sê: Jesus Christus het gesterf. Dit is 'n ander ding om te bely: U het gesterf en – U het dit ook vir my gedoen.

Dit is nie iets waartoe ons uit onself kom nie. Dit leer die Here ons in die klaskamer van sy genade.

Welkom in die klaskamer van Jona, geskryf vir die kerk en as spieël vir die kerk.

1. Die HERE agtervolg sy drostende kneg
2. Die Fariseër-kerk slaap
3. Die wêreld wys 'n slapende kerk op sy roeping

2.1. Die HERE agtervolg sy drostende kneg (v 4)

Jona is op vlug. As dit van hom afgehang het, sou daar niks van sy amp as profeet tereggekome het nie. As die HERE hom nie genadig was nie, sou hy in ongehoorsaamheid onder die golwe van God se ewige toorn verdwyn het.

Dit is egter nou juis so ontroerend mooi in hierdie geskiedenis: Die HERE laat sy ongehoorsame profeet nie los nie. Hy verteer hom nie onmiddellik in sy toorn nie, maar Hy agtervolg sy rebelse kind met amper oneindige geduld. Dit is wat genade is: dat die HERE mense agtervolg, wat willens en wetens sy Woord verwerp. Dit is nou opsoekende liefde.

Ons is so anders in ons optrede teenoor ander. As ons met iemand praat en as hy ondanks al ons moeite nogtans op die verkeerde pad volhard, sê ons sommer gou-gou: “Los hom. Wie nie wil hoor nie, moet maar voel. Ek bemoei my nie verder met hom nie. Hy verdien dit nie dat jy jou asem op hom mors nie.”

Dit is sekerlik so dat sondaars nie ons geduld verdien nie. Maar ons verdien ook nie God se geduld nie.

Gelukkig maar dat God se humeur met ons nie so kort is nie. Gelukkig maar dat sy geduld met sy kerk nie so gou op is nie. Want dan, ja, dan was ons almal verseker al lankal vir ewig verlore. Want hoeveel keer luister ons nie na God nie? **Daagliks!** En hoeveel keer moet Hy ons dan nie terugruk van die afgrond waarop ons moedswillig afstap nie? **Elke dag!** En dit is ons ewemin werd nie. Want ons het alle reg op sy Vaderliefde verbeur.

Maar dit is wat genade is: dat die HERE mense agtervolg, wat willens en wetens sy Woord verwerp; dat Hy opstandige drosters na Hom toe terugtrek met toue van liefde; dat Hy mense agtervolg, wat niks verdien nie, maar tog alles verdien – in Christus alleen. Want Christus is die geheim van hierdie geskiedenis en sy offer is die enigste rede vir die agtervolging. Vandag nog.

Jona is **in die leerskool van genade**. Hy is voorwerp van God se byna eindelose lankmoedigheid en barmhartigheid. Dit alles het hy Ninevé nie gegun nie. Nou skenk God hom dit, terwyl hy dit nog minder as Ninevé verdien ... terwyl hy dit **nog minder as Ninevé verdien**. Want dit moet u skerp raaksien:

- Jona sondig teen die uitdruklike Woord van God,
- terwyl die heidene die Woord nie het nie.

Opvallend die woordjie *maar* in hierdie geskiedenis. Die woord van die HERE het tot Jona gekom: Gaan na Ninevé ... *maar* Jona het opgestaan om na Tarsis. Dit is **die maar van opstand** teen die Woord.

Ons het so dikwels **ons ja-maar's**. Ja, dit is die Woord van God, maar ... En met ons maar trek ons 'n streep deur God se uitdruklike, duidelike, gesagvolle Woord. En dikwels is ons maar's gelaai met indrukwekkende teologiese kunsgrepe: ja, maar op 'n ander plek in die Bybel staan dit en dit. En so maak ons God se bevel met God se eie Woord ongedaan, so asof sy woorde in stryd is met mekaar. Ja, die HERE praat met ons, *maar* ons luister nie.

God sy dank dat daar ook 'n ander *maar* is: maar Jona het gedros ... **Maar** die HERE het 'n sterk wind op die see gewerp. Dit is **die maar van God se genade**, die maar van sy opsoekende liefde. Ja, dis die maar van Golgota, want daar is **die ou mens, die maar-mens** doodgeslaan, gekruisig.

Dit is so mooi hoe dit in die Hebreeus staan. Vers 3 eindig met die Naam HERE en vers 4 begin met die Naam HERE: Jona het weggevlug van die aangesig van die **HERE**. Maar die **HERE** ...

As Jona dan nie vrywillig wil luister nie, dan het die HERE die middele om hom met geweld terug te bring. In hierdie geval gebruik Hy die natuur. Die verstandelose natuurelemente ... is sy **gehoorsame dienaars** om sy **ongehoorsame dienskneg** terug te bring.

Die woord *werp* word op 'n ander plek van 'n werpspies gebruik. So byvoorbeeld van Saul, wat sy spies na Dawid gegooi het (1 Samuel 18:11). Die HERE neem fyn korrel op sy teiken en met al sy krag werp hy sy werpspies.

God gebruik 'n *engel* om die wegloper te arresteer. Sy engel, ja, sy engel. Die storm is sy engel. Want Psalm 104 sê: **Die HERE maak van die winde sy boodskappers**. Letterlik staan daar: sy engele.

En hierdie engel, genaamd Storm, begin sy werk: Noodweer breek los; geharde matrose raak paniekbevange; hulle probeer alles om vrag en mense lewens te red.

Maar die kerk, maar Jona ...

2.2. die Fariseër-kerk slaap (v 5)

Die heidense matrose gooi die kosbare vraag oorboord in 'n poging om hulle lewens te red. Eers in die aangesig van die dood leer die mens hoe onbelangrik aardse skatte is. Dan is dit miskien al te laat.

Ook ander ly as gevolg van Jona se sonde - en as gevolg van ons sonde. Jona moes 'n seën wees vir die heidene. Nou is hy 'n vloek vir die heidense matrose.

Natuurrampe en 'n swak ekonomie, teëslae en verdriet - dit is alles boodskappers van God.

God is 'n soekende God. Soms roep hy ons met 'n sagte stem, ander kere roep Hy met harde stem – met die stem van sy gerig. In alles weerklink egter sy liefde.

Iemand (CS Lewis) het eenmaal gesê: In voorspoed en gesondheid fluister God tot ons. Maar - ons is hardhorend. Gevolglik rig God klankversterkers op deur middel van lyding. Dan dawer God se stem deur die kamer. Dan weergalm dit in ons lewe.

Maar in alles hoor ons sy stem, sy barmhartigheid. Want, skryf Hebreërs 12, **die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem**(v 6). En dan laat Hebreërs ook God se bedoeling, sy mikpunt sien met al sy tugtiging en al sy engele: **Want nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.**

'n Mens sou sê dat Jona dadelik sou reageer op die stem van die HERE, maar Jona stop sy ore toe: hy gaan lê en slaap. Hy is deur en deur verhard.

Jona moes dit geweet het: Hierdie storm is God se gesant. Jona het immers 'n Bybel gehad. En in sy Bybel het Psalm 104 gestaan. Erg, nie waar nie?

As God dit toegelaat het, sou Jona al slapende weggesink het onder die golwe van God se toorn. En wat sou dan van hom geword het. Maar hierin sien ons weer God se eindelose geduld met sy kneg en in hom met sy hele kerk. Hy laat hom nie los nie.

Dit is so diep beskamd: As Jona dan nie wil gaan preek vir heidene nie, sal heidene vir hom preek.

Want ons hoor maar:

2.3 hoe die wêreld 'n slapende kerk op sy roeping wys (v 6)

Jona se optrede staan in skrilte kontras met die van die heidene. Terwyl ruwe matrose luidkeels bid tot hulle afgode, lê hy en slaap. Hy bid nie vir homself nie en hy bid ook nie vir sy medemens nie - so asof daar nie so iets soos God se toorn en sy gerig bestaan nie.

Die heidene roep tot hulle afgode om hulle te red. Maar intussen lê die enigste persoon wat werklik kan bid, omdat hy die enige ware God en sy verlossing ken, lê en slaap. Die kerk swyg terwyl hy 'n God ken wat sekerlik kan verlos van sy toorn (Jh 3:18, 36).

Maar die HERE beskaam sy kerk nog meer: 'n Heidense skeepskaptein moet 'n kerkmens wakker skud en wys op sy roeping: ***Wat makeer jou dat jy so vas slaap? Staan op en roep tot jou God*** (v 6). 'n Heiden preek vir 'n dominee, wat nie wil preek nie. ***Miskien sal jou HERE aan ons dink*** (v 6). Jona behoort sy kop in skaamte te laat sak. Dominee, dominee, Christen-mens, Christen-mens - ***miskien sal jou HERE aan ons dink***.

Weer 'n keer kry ons die bevel: ***staan op***. Eers het die HERE Jona beveel: ***Staan op***, gaan na Ninevé ... (v 1). Nou is dit 'n heidense matroos, wat vir Jona sê: ***Staan op ... staan op - en bid tot jou God*** (v 6).

Bid tot jou God, sê hierdie man, ***miskien*** sal jou HERE aan ons dink, sodat ons nie vergaan nie (v 6). ***Miskien, miskien?*** Nee, ons God is nie 'n God van ***miskien*** nie. Sy Woord is ja en amen: Wie in Jesus Christus glo, sál gered word. Dit is waar en seker. Só 'n God mag ons verkondig aan 'n wêreld wat besig is om verlore te gaan.

'n Slapende kerk beteken niks vir die wêreld nie. Dit is eers wanneer 'n slapende kerk wakker geskud word deur God se genade in eie lewe, dit is eers wanneer die kerk God se onverdiende liefde leer verstaan en leer waardeer – dán sal die kerk vir sy omgewing 'n seën wees. Anders gesê: Eers wanneer 'n Fariseër-kerk 'n Christen-kerk word, dan beteken dit iets vir die wêreld.

Ja, want eeue later hoor ons van nog 'n Fariseër: Paulus. Maar hy is 'n bekeerde Fariseër.

In 1 Timoteus 1:15-16 verkondig hy: Christus Jesus het in die wêreld gekom het om sondaars te red – dit is die hart van die evangelie. En hierdie gewese Fariseër bely en benadruk: Hy is die vernaamste, die belangrikste van alle sondaars. En dan laat hy sien wat God se bedoeling was om aan so 'n groot sondaar soos hy genade te bewys: sodat Jesus Christus in hom as die vernaamste sondaar al sy lankmoedigheid sou betoon as 'n voorbeeld vir die wat in Jesus Christus sal glo

U weet mos hoe 'n kunstenaar sy skilderye uitstal in 'n kunsgallery. Nou ja, in sy kunsgallery het die Kunstenaar-Verlosser, Jesus Christus, 'n skets geteken van sy lankmoedigheid en uitgestal in sy genadegallery. 'n Gewone kunstenaar trek eers 'n potloodskets op, voordat hy by die finale kunsstuk kom. Die skets moet dien as voorbeeld, as riglyn vir die uiteindelijke skildery. So was en is Paulus se lewe'n skets, 'n voorbeeld van wat God se genade doen in almal wat glo.

In 1 Korintërs 15:10 laat hy verder sien dat God se genade 'n mens werksaam maak. Want hy skryf: ***God se genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is.*** Ons weet hoe Paulus na sy bekering die wêreld deurkruis het en hoe hy aan Jode én Grieke verkondig het: die evangelie van Christus is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Rom 1:16.

Ja, Paulus, die gewese Fariseër, het aan Jood én Griek, aan kerk én wêreld verkondig: Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie (Rom 3:10) ... Romeine 3:22-24: ***MAAR nou*** – dit is die maar van God se reddende genade -, ***MAAR nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo*** ...en almal Jood en Griek ***word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.***

3. Slot.

Bekering is altyd bekering tot God, tot sy genade. Weet ons dit nog?

Ons bekeer ons tot God se genade en – deur hierdie selfde genade bekeer ons ons tot ons medemens. Want bekering tot God het ook altyd as vrug: bekering tot ander en om ander God se genade te gun en te verkondig.

AMEN.